# DIE HISTORIESE MARMERFRIES IN DIE VOORTREKKERMONUMENT, PRETORIA: ’n BRONNE-EVALUASIE AAN DIE HAND VAN GESELEKTEERDE ASPEKTE

**Astrid Schwenke en Jackie Grobler**
*Departement Historiese en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 0002*
*Postnet Suite 128, Privaatsak X 8, Elarduspark, 0047*

**The historical marble frieze in the Voortrekker Monument, Pretoria: a source evaluation on the basis of selected aspects**

The aim of this article is to analyse a few aspects pertaining to the creation of the historical marble frieze in the Voortrekker Monument, Pretoria, on the basis of selected sources and to present an accompanying source evaluation. Preliminary findings indicate that the suppositions in secondary sources are in striking contrast to those of archival sources and do not portray a truthful image of the creation of said frieze. Secondary sources create to a large extent the impression that the conceptualising of the historical marble frieze was a streamlined process. This has inadvertently led to assumptions and factual mistakes.

Through the method of internal source criticism and by comparing the contents of secondary and archival sources, these assumptions are refuted and the factual mistakes exposed. The three selected aspects pertaining to the planning stage which stretched from 1931 to 1942 include the role and contribution of the Historical Committee; the use of the sketches of W.H. Coetzer and the manufacturing of the plaster of Paris models. The overarching aim is to demonstrate that the conceptualisation and embodiment of the historical marble frieze was a complicated process and commenced much earlier than what is being portrayed in secondary sources. In the final instance it will be demonstrated that historians can be misled by some secondary sources to such an extent that myths are perpetuated and accepted as the truth.

**Key words:** Anton van Wouw, Central Monuments Committee, Coert Steynberg, Gerard Moerdijk, Historical Committee, plaster of Paris models, sketches, W.H. Coetzer

Die doel van die artikel is om ’n aantal aspekte rakende die totstandkoming van die historiese marmerfries in die Voortrekkermonument, Pretoria, aan die hand van

geselekteerde bronne en ’n gepaardgaande bronne-evaluasie bloot te lê. Voorlopige bevindings dui daarop dat die inhoud van die sekondêre bronne, in teenstelling met dié van argivale bronne, allermins ’n waarheidsgetroue beeld aangaande die totstandkoming van die historiese marmerfries bied.

In ’n groot mate skep sekondêre bronne die indruk dat die konseptualisering van die historiese marmerfries ’n vaartbelynde proses was. Daarbenewens word aannames gemaak en feite-foute begaan. By wyse van interne bronnekritiek en ’n vergelyking tussen die inhoud van sekondêre bronne en argivale bronne, word dié aannames weerlê en feite-foute aan die kaak gestel. Die drie geselekteerde aspekte staan in verband met die beplanningsfase wat van 1931 tot 1942 gestrek het en het betrekking op die rol en bydrae van die Historiese Komitee, die sketse wat W.H. Coetzer gemaak het en die maak van die gipsmodelle of gips-prototipes. Die oorkoepelende doel is om uit argivale bronne aan te toon dat die konseptualisering en vergestalting van die historiese marmerfries ingewikkeld was en veel vroeër ’n aanvang geneem het as wat tot op hede in sekondêre bronne aangeneem word. Ten slotte word aangetoon dat historici dermate deur party sekondêre bronne mislei kan word, dat mites as waarheid aanvaar word.

**Sleutelwoorde:** Anton van Wouw, Coert Steynberg, Gerard Moerdijk, gipsmodelle, Historiese Komitee, Sentrale Volksmonumentekomitee, sketse, W.H. Coetzer

## Inleiding

Die doel van die artikel is om ’n aantal aspekte rakende die evolusie van die historiese marmerfries in die Voortrekkermonument, Pretoria, aan die hand van geselekteerde bronne en ’n gepaardgaande bronne-evaluasie bloot te lê. Die rede hiervoor spruit enersyds uit die bestudering van die inhoud van argivale versamelings en andersyds uit sekondêre bronne wat dié gekose aspekte rakende die historiese marmerfries belig.

By wyse van ’n vergelyking tussen die twee vermelde bronne-groepe is vasgestel dat die inligting oor die aspekte in vele opsigte dramaties verskil. Voorlopige bevindings dui daarop dat die inhoud van die sekondêre bronne, in teenstelling met dié van argivale bronne, allermins ’n waarheidsgetroue beeld aangaande die totstandkoming van die historiese marmerfries bied.

Vervolgens is die kernfokus van dié artikel om aan te toon dat die oorsprong van die aannames en feite-foute deur middel van interne bronne-kritiek en ’n vergelykende metodiek vasgestel en weerlê kan word; dat die bestaande sekondêre bronne met groot omsigtigheid benut moet word en dat die gebruikmaking van argivale neerslae tot ’n vars kultuurhistoriese studie rakende die evolusie van die historiese marmerfries kan lei.

Voortvloeiend uit bogenoemde is die oorkoepelende doel om 'n dwingende saak aanhangig te maak – naamlik om aan te toon dat die evolusie van die historiese marmerfries nie 'n vaartbelynde en ongenuanseerde proses was soos dit merendeels in sekondêre bronne voorgehou word nie. Die hipotese is gevolglik dat dié mite waarskynlik in 'n mate daarvoor verantwoordelik is dat dié geskiedenis nog nie deurgrond is nie.

## Historiese agtergrond

Die geleidelike migrasie van ongeveer 23 000 Afrikaners uit die Kaapkolonie na die Suid-Afrikaanse binneland, staan as die Groot Trek (1835 tot 1845) bekend.[1] Teen 1854 het die Voortrekkers die basiese doelstellings van die Groot Trek bereik. Hulle is deur hulle voormalige owerheid toegelaat om hulle Britse onderdaanskap neer te lê en kon vervolgens voortgaan om hulle volgens eie insigte self te regeer.[2]

Die bewuswording by talle Afrikaners in die 1920's dat die 100-jarige herdenking van die Groot Trek in 1938 in aantog was, het nuwe stukrag verleen om 'n Voortrekkermonument op te rig. Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) wat in 1929 as landwye organisasie tot stand gekom[3] en as openbare mondstuk van die Afrikaner Broederbond opgetree het,[4] het die inisiatief geneem om 'n nasionale komitee te stig wat vir die oprigting van die Voortrekkermonument verantwoordelik sou wees.[5]

Die Sentrale Volksmonumentekomitee (SVK) is op 4 April 1931 tydens 'n kongres in Bloemfontein in die lewe geroep met die opdrag om toe te sien dat 'n waar-

---

1 J.C. Visagie, *Voortrekkerstamouers 1835-1845* (Pretoria, 2011), pp. 8, 14. Visagie stel die jare 1835 tot 1838 as die "werklike" trekjare. Om voorsiening te maak vir die sogenaamde "agternatrekkers" het hy die tydperk tot 1845 uitgebrei.

2 C.F.J. Muller (red.), V*yfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Pretoria, Kaapstad, Johannesburg, 1980), pp. 149-184; D.W. Kruger (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* (Goodwood, 1979), pp. 188-247; R. Carstens & P.W. Grobbelaar, *Voortrekkerlewe. Agter die skerms op die Groot Trek* (Johannesburg, 1980), pp. 20-23; J. Visagie, Migrasie en die gemeenskappe noord van die Oranjerivier, *in* F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag* (Kaapstad, 2012), pp. 97-128; J. Visagie, Uittog en vestiging van die Voortrekkers in die binneland, *in* F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag* (2012), pp. 130-150; J. Grobler, Staatvorming en stryd 1850-1900, *in* F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag* (2012), pp. 165-171.

3 J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument / Discover the Voortrekker Monument* (Pretoria, 2001), p. 4; Voortrekkermonument-inwydingskomitee, *Amptelike program en gedenkboek van die fees ter inwyding van die Voortrekkermonument 13 tot 16 Desember 1949* (Pretoria, 1949), pp. 37-55.

4 Die Afrikaner Broederbond is in 1918 gestig en het in 1929 'n geheime organisasie geword – kyk H. Giliomee, 'n "Gesuiwerde" nasionalisme, 1924-1948, *in* F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag* (Kaapstad, 2012), p. 296.

5 J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument* (2001), p. 4; Voortrekkermonument-inwydingskomitee, *Amptelike program en gedenkboek* (1949), pp. 37-55.

dige monument ter ere van die Voortrekkers opgerig word. In 1936 het die komitee besluit om Gerard Moerdijk[6] se argiteksontwerp en dié van die simboliese walaer van E.C. Pienaar[7] en A.C. Bouman[8] saam te voeg. Dit was ook 'n opdrag aan Moerdijk om tydens die konstruksie van die Voortrekkermonument in 'n toesighoudende hoedanigheid rakende die bouery asook die werk van die aangewese kunstenaars op te tree.[9] Die skilder W.H. Coetzer[10] is deur die SVK versoek om sketse te maak van die temas wat hulle gekies het en verband hou met die gebeure wat tydens die Groot Trek Trek plaasgevind het. Dié sketse is deur die Historiese Komitee, een van die subkomitees van die SVK, goedgekeur. Vervolgens het die sketse as riglyn en leidraad vir die vier Suid-Afrikaanse beeldhouers, Hennie Potgieter, Frikkie Kruger, Peter Kirchhoff en Laurika Postma gedien. Hulle moes die eerste voorloper-gipsmodelle daarvolgens modelleer.

Die kunstenaars het ná voltooiing van die een-derde grootte gipspanele, volgrootte gipspanele gemaak wat teen die einde van 1946 na Italië verskeep is. Die volgrootte gipsmodelle het as vaste riglyn vir die Italiaanse klipkappers gedien waarvolgens die historiese marmerfries in marmer uitgekap moes word. Die marmerpanele is na voltooiing na Suid-Afrika terugverskeep, maar tydens die inwyding van die Voortrekkermonument was 'n aantal panele nog nie geïnstalleer nie. Deur die loop van 1950 is dit afgerond en voltooi.[11] Die historiese marmerfries in die Voortrekkermonument is 'n voorbeeld van vlakreliëf (aldus laag- of bas-reliëfwerk) uit Quercetta-marmer.[12]

---

6 Gerard Moerdijk (*1890 - †1958) was 'n opgeleide argitek en verantwoordelik vir 'n verskeidenheid geboue en strukture in Suid-Afrika. Die skrywer van hierdie artikel benut I. Vermeulen, dogter van Gerard Moerdijk, se spelwyse van die van "Moerdijk" soos dit in haar publikasie, *Man en Monument, die lewe en werk van Gerard Moerdijk* (Pretoria, 1999), aangedui word. Enige afwyking van die spelwyse soos dit in sommige ander publikasies of notules van die Sentrale Volksmonumentekomitee voorkom, is in aanhalings of voetnote behou soos dit in sodanige bronne voorkom.

7 E.C. Pienaar (*1882 - †1949) was 'n akademikus, letterkundige, stigterslid van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) en hoogleraar in Nederlands-Afrikaans aan die Universiteit van Stellenbosch. Kyk W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II* (Pretoria, 1972), pp. 562, 563.

8 A.C. Bouman (*1892- †1966) was 'n akademikus, kritikus, dramaturg en hoogleraar in Germaanse filologie (vergelykende taalwetenskap) aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy het uitgebreid oor Suid-Afrikaanse kuns geskryf, onder meer *Painters in South Africa* (Cape Town,1951).

9 J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument* (2001), pp. 6, 8,10; Voortrekkermonument-inwydingskomitee, *Amptelike program en gedenkboek* (1949), pp. 37-55.

10 W.H. Coetzer (*1900 –†1983) was 'n kunstenaar bekend vir sy landskapskilderye, stillewes en historiese uitbeeldings in onder meer olie en pastel. Kyk G. Ogilvie, *The dictionary of South African painters and sculptors* (Johannesburg, 1988), pp. 136, 137.

11 J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument* ( 2001), pp. 57-67; Voortrekkermonument-inwydingskomitee, *Amptelike program en gedenkboek* (1949), p. 40.

12 N.J. Coetzee, Die voorstelling van die Voortrekkers in die kuns, *in* J.S. Bergh (red.), *Herdenkingsjaar 1988. Portugese, Hugenote en Voortrekkers* (Pretoria, 1988), p.183.

**Historiografiese oorsig: geselekteerde bronne**

Op die terrein van sekondêre geskrifte staan die publikasie van die *Amptelike program en gedenkboek Pretoria 13 tot 16 Desember 1949* (Pretoria, 1949), deur die Voortrekkermonument-inwydingskomitee, sentraal. Moerdijk se hoofstuk (in hierdie publikasie) met die titel "Die Voortrekkermonument" gee 'n oorsig oor die totstandkoming van die historiese marmerfries. Inligtingsgidse deur die Beheerraad van die Voortrekkermonument, *Die Voortrekkermonument Pretoria. Amptelike gids* (Pretoria, 1954, 1955, 1957, 1959, 1960, 1963, 1969, 1972) en R. Heymans se *Voortrekkermonument Pretoria* (Pretoria, 1986) het oor die jare heen verskeie herdrukke beleef. Dié publikasies steun swaar op die voorvermelde *Amptelike program en gedenkboek*.

Die publikasie van J. Grobler met kleurfoto's deur Stephen Keet, *Ontdek die Voortrekkermonument / Discover the Voortrekker Monument* (Pretoria, 2001) laat die klem gelyktydig op sowel die Voortrekkermonument as struktuur, as die historiese marmerfries val.

In 1970 het O.J.O. Ferreira *Die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumente-komitee* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1970) voltooi. In 1975 is dit as *'n Volk se hulde. Die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee* (Johannesburg, 1975) gepubliseer.

Wetenskaplike studies oor van die rolspelers het oor die tyd die lig gesien, soos C.A. Cooper se *Gerard Moerdyk – sy lewe en werk* (B.Arch.-skripsie, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1973). In aansluiting by Cooper se werk kan I. Vermeulen se publikasie, *Man en Monument, die lewe en werk van Gerard Moerdijk* (Pretoria, 1999), benut word.

In P.J.J. Prinsloo se proefskrif, *E.G. Jansen se rol in belang van die Afrikaners in Natal* (D.Phil.-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1987) word Jansen se rol in die ontwikkeling van die kulturele ontwaking van die Natalse Afrikaner ondersoek.

In 1947 het W.H. Coetzer sy boek, *My kwas vertel* (Johannesburg, 1947) gepubliseer waarin 'n aantal van sy sketse afgedruk is wat as leidrade vir die historiese marmerfries gedien het. Dié bron moet in samehang met die wetenskaplike studie van A. de Beer, *Die lewe en werk van die skilder W.H. Coetzer en sy kultuurhistoriese betekenis* (Universiteit van Pretoria, 1969) benut word. Die verhandeling van P.J. van der Westhuysen, *Hennie Potgieter, Volkskunstenaar* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1984) belig die kunstenaar se werk, en op sy beurt bied Hennie Potgieter se *Voortrekker Monument Pretoria* (Pretoria, 1987) 'n persoonlike blik op sy en sy mede-kunstenaars se aandeel aan die totstandkoming van die historiese marmerfries. Rakende Postma neem N. Pillman se *Laurika Postma. 'n Biografie* (Pretoria, 1984) die werk van dié kunstenaar in oënskou.

## Argivale versamelings

Die dokumente rakende die werksaamhede van die SVK bestaan uit twee groot argivale versamelings, albei in Pretoria geberg. Die Sentrale Volksmonumente-komitee se argiefversameling in die Nasionale Argief van Suid-Afrika (NASA) omspan die tydperk van die ontstaan van die SVK tot en met die ontbinding daarvan in 1968,[13] terwyl ’n SVK-versameling by die Erfenissentrum van die Erfenisstigting, geleë op die Voortrekkermonument Erfenisterrein, Pretoria, geberg word.[14] Persoonlike versamelings van SVK-lede, kunstenaars en ander rolspelers vul bogenoemde versamelings aan.[15]

## Teoretiese posisionering en metode

Ten einde die artikel teoreties te anker, word vervolgens kortliks na die aard, skep en voorsetting van mites gekyk, asook oor periodiseringsbeginsels en interne bronnekritiek besin. Oor die aard, skep en voortsetting van mites in kultuurgeskiedskrywing kan verwys word na M. Bosman se mening dat die begrip “veeldimensioneel” is en dat verskeie faktore aan ’n “mitologiseringsproses” kan meewerk.[16]

Die standpunt is dat die voorstelling in sekondêre bronne, nl. dat die totstandkoming van die historiese marmerfries ’n vaartbelynde proses was, as ’n mite beskou kan word. Dié mite is oor dekades opeenvolgend van een bron na die ander oorgedra.

Wetenskaplik gesproke, is die keuse van ’n begin- en einddatum nie die beginkriterium tot die bestudering van ’n onderwerp nie. Die riglyne wat vir die proses van periodisering geld, is die bepaling watter belangrike ontwikkelings in ’n geselekteerde tyd en gebied plaasgevind het en om die tydperk en tydperkverdelings daarvolgens te verklaar. Dit sluit die toeken van ’n beskrywende naam aan die tydperk in.[17]

---

13 Nasionale Argief van Suid-Afrika (hierna NASA): A 141: Argief van die Sentrale Volksmonumente-komitee.

14 Erfenissentrum van Die Erfenisstigting (hierna Erfenissentrum): ongenommer, Sentrale Volksmonumentekomitee (hierna SVK), Beheerraad, Direksieversamelings.

15 Universiteit van Pretoria, Kunsargief (hierna Kunsargief, UP): ongenommer, Laurika Postma-, Peter Kirchhoff-, Hennie Potgieter- en Frikkie Kruger-versameling; Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (hierna NHKA): P 1: S.P. Engelbrecht-museum en versameling; Universiteit van die Vrystaat, Argief vir Eietydse Aangeleenthede (hierna INEG): PV 94: E.G. Jansen-versameling; MuseumAfrica: 66/2194: W.H. Coetzer-versameling; Pietermaritzburg Argiefbewaarplek: A1661: M. Basson-versameling.

16 M. Bosman, Die mitologisering van die Groot Trek: die rol van *Die Huisgenoot*,1916-1938, *in* C. Malan & G.A. Jooste (reds.), *Onder andere. Die Afrikaanse letterkunde en kulturele kontekste* (Pretoria, 1990), p. 100.

17 L. Gottschalk, *Understanding history. A primer of historical method Second Edition* (New York, 1969), pp. 214 - 216; R.J. Shafer (ed), *A guide to historical method* (Homewood, London, Georgetown, 1974), pp. 181, 182; A. Marwick, *The nature of history* (London, 1989), p. 274; J. Barzun & H.F. Graff, *The modern researcher* (New York, 1977), p. 197.

Die konseptualisering, asook fisiese vergestalting van die historiese marmerfries, strek van 1931 tot 1950, maar dit sluit nie ontwikkelinge ná die finale installering daarvan uit nie. Dit kan gevolglik binne ’n omvattende tydperk bestudeer word wat van 1931 af tot die huidige tyd strek. Die evolusie van die historiese marmerfries kan met die toepassing van die vermelde beginsels vervolgens in vier afsonderlike tydperke ingedeel word.

Die eerste tydperk is getitel: Van taferele in brons – tot sketse en kleimodelle; die konseptualisering van die uitbeelding; 1931-1942; die tweede tydperk: Van klei- tot gipsmodelle; die uitbeelding neem vorm aan; 1942-1947; die derde tydperk: Van gipsmodelle tot marmer; die vergestalting van die historiese marmerfries, 1947-1955 en die vierde tydperk is: Van volksgeheue tot nasionale erfenis, 1956-2013. Elkeen van die hooftydperke kan op sy beurt in subtydperke ingedeel word.

Volgens die beginsel van interne bronne-kritiek moet ’n matriks van toepaslike meetinstrumente of kriteria op bronne toegepas word om die geloofwaardigheid van die bron te bepaal. Dit sluit in: ’n ondersoek na die posisie van die outeur tydens die skryf van die geskrif; die geloofwaardigheid van die outeur as waarnemer en as rapporteerder; die uitgangspunt van die outeur; sy benutting van beskikbare inligtingsmateriaal; die posisie van die bron en die toepassingspotensiaal of bruikbaarheid daarvan.[18]

Dié beginsels is vir die doel van die artikel toegepas en staan sentraal tot die hipotese dat sekondêre bronne oor die skeppingsproses van die historiese marmerfries misleidend is Die rede hiervoor is dat dit wil voorkom of skrywers van sekondêre bronne merendeels vaskyk in een sentrale bron wat die totstandkoming van die historiese marmerfries as ’n ongekompliseerde proses voorhou.

Vervolgens word slegs gefokus op die beplanningsfase van die historiese marmerfries wat van 1931 tot 1942 gestrek het. Aangesien die SVK gedurende die konseptualiseringsfase slegs daarvan seker was dat die geskiedenis op een of ander manier uitgebeeld moes word, maar nog geen idee gehad het van hoe dit moes lyk nie, word die woord “uitbeelding” in hierdie artikel verkies.

## Geselekteerde aspekte en argumente

Die geselekteerde aspekte wat as grondslag vir die bronne-evaluasie gebruik word, staan in verband met die volgende drie aannames: dat die Historiese Komitee, ’n sub-komitee van die SVK, daarvoor verantwoordelik was om die temas vir die historiese

---

18 L. Gottschalk, *Understanding history. A primer of historical method* (1969), pp. 139-171; F.A. van Jaarsveld, *’n Inleiding tot die studie van geskiedenis* (Elsiesrivier,1974), p. 64; R.J. Shafer (ed), *A guide to historical method* (1974), pp. 166-170; J. Tosh, *The pursuit of history. Aims, methods and new directions in the study of modern history* (London, New York, 1991), pp. 59-71.

marmerfries te kies en 'n "massa materiaal" moes deurwerk om aan sy gestelde opdrag te voldoen; dat Coetzer aangestel is om sketse van die gekose temas te maak en; dat dié sketse as leidraad gedien het vir die maak van die gipsmodelle deur die vier aangestelde kunstenaars.[19]

Op grond van lopende argivale navorsing kan in téénstelling met bogenoemde aannames, die volgende argumente aangevoer word dat:

1. die bydrae en rol van die Historiese Komitee oorskat word en dat reeds in 1933 begin is om oor temas vir die voorgenome uitbeelding van die geskiedenis van die Groot Trek en lotgevalle van die Voortrekkers te besin;
2. die Coetzer-sketse nie die begin nie, maar die uiteinde van 'n ingewikkelde konseptualiseringsproses aangaande die historiese marmerfries was. Die argument is dat die vorm van die monument en die idees oor hoe die uitbeelding van die geskiedenis daar moes uitsien, aanvanklik samelopend ontwikkel is. Die vurk in die pad van dié proses kom eers voor nadat die vorm van die monument in 1936 bepaal is. Van toe af is meer sekuur oor die voorgenome uitbeelding besin en is Coetzer versoek om sketse voor te lê; en
3. nog voordat die kunstenaars Postma, Potgieter, Kirchhoff en Kruger in 1942 aangestel is, gips- en/of kleimodelle, op eie inisiatief en op uitnodiging van die SVK, deur ánder kunstenaars gedurende die 1930's gemaak is.

Bogenoemde argumente word derhalwe gebruik om aan te toon waar die weë tussen die sekondêre en argivale bronne skei. 'n Samestelling van inligting uit die sekondêre bronne, waarvan die gebruiksfrekwensie die hoogste is, is gemaak. Vervolgens is dié inligting met dié van argivale bronne vergelyk en word aannames weerlê en feite-foute aan die kaak gestel. Hoewel uitgebreide inligting uit die argivale bronne onttrek kan word, is vir die doel van die artikel opsommend daarmee gehandel.

## Blootlegging van geselekteerde aspekte aan die hand van 'n bronne-evaluasie

### Rol en bydrae van die Historiese Komitee

Vir die doel van die artikel word hoofsaaklik op die organisatoriese ontwikkelingsgang van die Historiese Komitee klem gelê. Die sentrale sekondêre bron oor die Voortrekkermonument en historiese marmerfries, is die *Amptelike program en*

19 J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument* (2001), p. 56; Voortrekkermonument-inwydingskomitee, *Amptelike program en gedenkboek* (1949), pp. 48, 49; O.J.O. Ferreira, *Die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1970), p. 140.

*gedenkboek*. Moerdijk se gedeelte oor die historiese marmerfries en die rol van die Historiese Komitee vermeld die volgende:

> *'n Kommissie, bestaande uit dr. E.G. Jansen,*[20] *ds. Paul Nel,*[21] *dr. Gustav Preller,*[22] *prof. dr. S.P. Engelbrecht*[23] *en prof. I.D. Bosman,*[24] *is benoem om oor die geskikste geskiedkundige gebeurtenisse te beslis.*
>
> ........................................................................................................
>
> *Nadat die Kommissie sy keuse gedoen het, moes 'n massa materiaal verwerk word, ten einde 'n deurlopende geheel te vorm en 'n drama met 'n begin, 'n klimaks en 'n einde op te bou. Dit is gedoen sonder om die kronologiese volgorde van gebeurtenisse te veel geweld aan te doen.*[25]

Ferreira sluit by dié verwysing aan,[26] terwyl Grobler meld dat die Historiese Komitee moes "besluit watter geskiedkundige gebeurtenisse in bas-reliëf op die fries uitgebeeld moes word."[27]

'n Heeltemal ander toedrag van sake kom uit die argivale bronne-inligting na vore. Inderwaarheid het die SVK reeds in 1933 aangedui dat die keuse van die temas vir die voorgenome uitbeelding van die lotgevalle van die Voortrekkers, asook die belangrikste gebeurtenisse tydens die Groot Trek, 'n saak was waaraan aandag gegee moes word.

---

20 E.G. Jansen (*1881 - †1959) was Goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika, Speaker van die Volksraad, kabinetsminister en voorsitter van die Sentrale Volksmonumentekomitee (SVK) van 1931 tot met sy dood. Kyk C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek V* (Pretoria, 1987), pp. 402-406.

21 P. Nel (*1867 - †1943) was 'n predikant van die N.G. Kerk en verskeie kere herkies as moderator van die sinode van die Transvaalse Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk. Kyk W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I* (1976), pp. 615, 616.

22 G. Preller (*1875 - †1943) was 'n joernalis, taalstyder, letterkundige en geskiedkundige. Hy het uitgebreid oor die geskiedenis van die Groot Trek en die Voortrekkers geskryf. Kyk W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I* (1976), pp. 673-677.

23 S.P. Engelbrecht (*1891 - †1977) was 'n teoloog, kerkhistorikus en dekaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria. Kyk C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek V* (1987), pp. 257-258.

24 I.D. Bosman (*1897 - †1947) was professor en hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria en opeenvolgend die dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde en Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Kyk D.W. Krüger (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III* (Pretoria, 1977), p. 89.

25 G. Moerdyk, Die Voortrekkermonument. Betekenis en simboliek, *in* Voortrekkermonument-inwydingskomitee, *Amptelike program en gedenkboek* (1949), p. 48.

26 O.J.O. Ferreira, *Die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee* (1970), p. 140.

27 J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument* (2001), p. 56.

Dit kan vervolgens aan Mabel Jansen[28] se onbewustelike toedoen toegeskryf word dat die eerste "klein komitee"[29] saamgestel is om ondersoek na die verskillende temas vir die voorgenome uitbeelding in te stel. Dié stap is gedoen na aanleiding van haar mening dat "wanneer kunstenaars gevra sal word om panele vir die monument te maak, dit nie aan hulle gelaat moet word om doe [sic] momente te kies nie."[30] Daarop is besluit:

> *Dis noodsaaklik dat hierdie vergadering deskundige advies daaromtrent verkry. Daar word besluit om drr. Preller, Engelbrecht, en mnr. Scheepers as 'n klein komitee te benoem om op die saak in te gaan en [by die] volgende vergadering te rapporteer.*[31]

Deur die loop van 1934 het dié "klein komitee" behoorlik uitvoering aan sy gestelde opdrag gegee en aan die einde van daardie jaar is 'n verslag voorgelê.[32] Dié verslag, wat volgens die aanhef daarvan deur 'n "sub-kommissie",[33] bestaande uit M. Jansen, G. Preller en J.J. Scheepers opgestel is, se titel was "Voorstelle van tonele uit die tyd van die Voortrek wat geskik geag word vir half- of hoogverhewe beeldwerk op die Voortrekkermonument." Die "sub-kommissie" meld in die verslag dat hy besluit het om die SVK 'n groter keuse te gee en derhalwe is 24 "historiese tonele" gekies.[34] Dié verslag is helaas nie tydens die vergadering bespreek nie weens 'n geringe opkoms van SVK-lede en daar is besluit om dit as 'n byvoegsel tot die notule uit te stuur.[35]

In die daaropvolgende jaar, 1935, het die Hertzog-regering tot die befondsing en oprigting van die monument toegetree. Die gevolg was dat 'n bespreking van die "klein komitee" se vermelde verslag vir die res van daardie jaar weer agterweë gelaat is.[36] Party SVK-lede het wel skriftelik op Scheepers se versoek gereageer dat hulle 'n keuse moes maak.[37]

---

28 M.M. Jansen (*1889 -†1979) was die eggenote van E.G. Jansen. Sy was bedrywing op kulturele en politieke gebied. Kyk C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek V* (1987), pp. 407, 408.

29 Aanvanklik het dié komitee nie 'n amptelike naam gehad nie; daarom word die begrip "klein komitee" gebruik soos dit in die notules van die SVK voorkom.

30 NASA: A 141: SVK Notule 1933-09-16, p. 3.

31 NASA: A 141: SVK Notule 1933-09-16, p. 3.

32 NASA: A 141: SVK Notule 1934-12-5, p. 2. Vir die doel van die artikel word die aantal gekose temas nie bespreek nie. Dit regverdig 'n aparte bespreking.

33 Die SVK gaan nie konsekwent met die begrip "klein komitee" of "komitee" om nie.

34 INEG: PV 94 Lêer 1/57/1/7 : E.G. Jansen-versameling, *Voorstelle van tonele uit die tyd van die Voortrek wat geskik geag word vir half- of hoogverhewe beeldwerk op die Voortrekkermonument*, pp. 1, 2.

35 NASA: A 141: SVK Notule, 1934-12-05, p. 2.

36 NASA: A 141: SVK Notule, 1935-08-05, p.1; 1935-05-23, p.1; 1935-11-02, pp. 1, 2.

37 NHKA: P1 1/2/3/8/10 b. VTM 11, 1935-1936: S.P. Engelbrecht-museum en versameling, J.J. Scheepers – SVK-lede, 1935-09-13, p. 1.

’n Verskuiwing op organisatoriese vlak, maar ook ’n klaarblyklik heftige bespreking rakende die voorgenome uitbeelding, het in die daaropvolgende jaar in Oktober 1936 plaasgevind. L.W. Hiemstra het by ’n SVK-vergadering gevra wat van die “groslys van moontlike historiese panele” geword het.[38]

Dit blyk uit dié notule asof daar verwarring onder die “klein komitee” oor hulle opdrag rakende die “keuse van die panele” vir die voorgenome uitbeelding ontstaan het. Die rede vir dié aanname word gevind in die woorde van die voorsitter “… dat die komitee nie die keuse van die panele moet bepaal nie, maar alleen leiding moet gee en toesig moet hou oor die werk van die kunstenaars.”[39]

Dit staan in skrille kontras met sy aanvanklike opdrag, naamlik dat ’n keuselys saamgestel moes word. Dit wil voorts voorkom of ’n heftige bespreking hieroor plaasgevind het en vervolgens is op aanbeveling van Engelbrecht voorgestel dat die bestaande “klein komitee”, met die toevoeging van Bosman, Nel en Moerdijk uitgebrei word.[40] Dit is onseker wat van M. Jansen en Preller se betrokkenheid by die “klein komitee” geword het.

Voorts is dit aan die “uitgebreide komitee” opgedra “om op die hele kwessie van die geskiedkundige voorstellings in te gaan en keuses te maak uit die insidente wat uitgebeeld kan word.” Daarbenewens is besluit om SVK- en provinsiale lede die geleentheid te gee om “wenke by te voeg.” Scheepers is as sameroeper van die komitee benoem. Ten slotte was die opdrag aan die komitee om teen die einde van daardie jaar [1936] daaroor terug te rapporteer.[41] Teen die einde van 1936 blyk dit uit ’n skrywe aan die SVK-lede dat die “klein komitee” nou as die Paneelkommissie begin bekend staan het.[42]

Die toevoeging van provinsiale lede en die versoek dat hulle “wenke” moes stuur, het vrugte afgewerp. Veral M. Basson, wat indertyd die argivaris van die Staatsargief in Pietermaritzburg was, het ’n groot bydrae gelewer. Hy verwys na die “basreliefs” [sic] en die “basreliefs-komitee” [sic] en het voorstelle rakende die gekose temas ingestuur. Uit sy brief blyk dit dat hy, L. Steenkamp (Ladysmith), en A.J. du Plessis (Greytown) ’n samespreking oor die temas in Pietermaritzburg gehou het.[43]

Op 15 Januarie 1937 het die Paneelkomitee sy verslag aan die SVK-lede voorgelê. Verder is genotuleer dat gepoog is om by die keuse van die temas “albei die seksies tevrede te stel”[44] – waarskynlik onderskeidelik die SVK- en provinsiale lede

---

38 NASA: A 141: SVK Notule 1936-10-05, p. 3.
39 NASA: A 141: SVK Notule 1936-10-05, p. 3.
40 NASA: A 141: SVK Notule 1936-10-05, p. 3.
41 NASA: A 141: SVK Notule 1936-10-05, p. 4.
42 NHKA: P1 1/2/3/8/10, b. VTM 11, 1935-1936: S.P. Engelbrecht-museum en versameling, J.J. Scheepers – S.P. Engelbrecht, 1936-11-23, p.1.
43 Erfenissentrum: SVK-versameling, ongenommer: M. Basson – J.J. Scheepers, 1936-12-26, p.1.
44 NASA: A 141: SVK Notule, 1937-01-15, pp. 2, 3.

se voorstelle. Tydens dié vergadering is verskeie temas bespreek en op voorstel van die voorsitter is besluit om "met klein veranderinge die rapport van die Paneelkomitee aan te neem."[45]


'n Verskuiwing op organisatoriese vlak rakende die Paneelkomitee het ook in Maart 1937 plaasgevind. Vir die eerste keer word nou na die "Historiese Komitee" verwys. Dit is soos volg gestel: *Die Historiese Komitee moet toesig hou oor die werk* [tekeninge] *sodat dit histories korrek geteken word*.[46]

In 'n brief aan die Historiese Komitee in April van daardie jaar, word vir die eerste keer na die kunsskilder W.H. Coetzer verwys[47] en in Junie is die 22 sketse wat hy van die gekose temas moes maak, aan die SVK-lede voorgelê. Dit is duidelik aan die SVK-lede gestel dat die sketse as "leidraad" vir die "beeldhouers" sou dien. Die versekering is ook gegee dat die "sketswerk aan die noukeurigste ondersoek van die Historiese Komitee onderwerp sal word." Daarop is besluit dat die Historiese Komitee so gou as doenlik moes vergader om "leiding in die saak te gee."[48] Daarbenewens het 'n verdere organisatoriese verandering tydens dié vergadering plaasgevind. 'n Besluit is geneem om Basson en Steenkamp te versoek om ook in die Historiese Komitee te dien.[49]

Op Saterdag 4 September 1937 is die eerste vergadering van die Historiese Komitee in die kantoor van Gerard Moerdijk gehou. Teenwoordig was Nel (voorsitter), Preller, Engelbrecht, Bosman, Basson, Scheepers, Moerdijk en Steenkamp. Die belangrikste aspek wat by die bestudering van die notule van die vergadering opval, is dat die temas vir die uitbeelding, altesame 22, ter tafel gelê is en voorberei en gereed vir bespreking was. Coetzer se tekeninge van die gekose temas is ook onder die loep geneem en deurtastende kommentaar is daarop gelewer en aanbevelings gemaak[50] **(Figuur 1 en 2)**. Teen Februarie 1938 is die verbeterde sketse van Coetzer tydens 'n SVK-vergadering in Kaapstad voorgelê.[51]

---

45 NASA: A 141: SVK Notule 1937-01-15, pp. 2, 3.
46 NASA: A 141: SVK Notule 1937-03-05, p. 2.
47 NHKA: P1 1/2/3/8/10, c. VTM III, 1937: S. P. Engelbrecht- museum en versameling, J.J. Scheepers – S.P. Engelbrecht, 1937-04-22, p.1.
48 NASA: A 141: SVK Notule 1937-06-26, p. 2.
49 NASA: A 141: SVK Notule 1937-06-26, p. 2.
50 NASA: A 141: SVK Notule 1937-09-04, pp. 1-4.
51 NASA: A 141: SVK Notule 1938-02-12, p. 8.



**Figuur 1: W.H. Coetzer se skets van die moord op Piet Retief deur Dingane**
(Bron: Museum Africa, Johannesburg, MA1966-2194Q)



**Figuur 2: Die Renaissance-skilder Raphael se *Madonna della Sedia* (c.1510-1512, olie op hout, 71 cm). Coetzer dui aan dat die komposisie vir sy skets van die moord op Piet Retief op dié skildery se S-vormige lyn gegrond is**
(Bronne: The Phaidon Press, *Raphael* (London, New York, 1943), p. 11;
W.H. Coetzer, *My kwas vertel* (Johannesburg, 1947), p. 111.)

By die evaluasie van die rapportering in sekondêre bronne aangaande die Historiese Komitee, kan beweer word dat Moerdijk nie *volkome verkeerd* is met sý weergawe van die ontstaan van die historiese marmerfries in die *Amptelike program en gedenkboek* nie. Die probleem is dat hy bolangs en opsommend met die beplanningsfase van die eerste tien jaar omgaan en in die proses onwetend te veel erkenning aan die Historiese Komitee verleen.

Afleidings wat uit die argivale bronne gemaak kan word, is dat dit wil voorkom of die eerste versoek aan die lede van die "klein komitee" om 'n keuse van temas voor te lê, as 'n redelik maklik uitvoerbare taak gesien is. Die SVK het ook nie die proses planmatig benader nie. Boonop blyk dit of die SVK van mening was dat hy self oor die werk van die kunstenaars sou kon toesig hou. Ter verdediging kan sy planlose geworstel teruggevoer word na die probleem oor watter vorm die monument moes aanneem. Laasgenoemde aspek het 'n fundamentele invloed op die konsepsuele beplanning van die voorgenome uitbeelding gehad. Dié aspek word verder uitvoeriger bespreek.

Ten slotte kan die aanname weerlê word dat die Historiese Komitee *op sigself* vir die keuse van die temas verantwoordelik was en 'n massa materiaal moes deurwerk. Die chronologie van die gebeure, soos wat dit deur sekondêre bronne voorgehou word, word ook hiermee weerlê.

## Die bydrae van verskeie rolspelers tot die konseptualisering van die voorgenome monument en historiese uitbeelding: 1931-1942

In die teoretiese posisionering is aangedui dat die aspek wat verband hou met "Coetzer wat aangestel is om sketse van die gekose temas vir die historiese uitbeelding te maak," 'n oorvereenvoudigde voorstelling van 'n uitgerekte proses was. Om dié rede is dié gegewe omvorm tot die stelling soos hierbo aangedui – dat verskeie rolspelers 'n aandeel in die konseptualiseringsproses gehad het. Op sy beurt klink die stelling deels reeds na bekende inligting, maar met die toevoeging van die verskeidenheid rolspelers, tesame met die tydsaanduiding wat die hele beplanningsfase omspan, word dié stelling ingewikkeld.

Om dié bespreking te anker, is dit van belang om 'n fundamentele aangeleentheid aanhangig te maak. Van meet af aan het die idéé bestaan om 'n *uitbeelding* van die geskiedenis, in samehang met 'n *monumentale struktuur*, ter ere van die Voortrekkers te skep. Dit beteken dat die idees oor die aard en voorkoms van die voorgenome uitbeelding, saam met die aanvanklike idees oor die vorm van die monument gegroei het. Dié simbiotiese wordingsproses is tot op hede nog grootliks misgekyk.

Op hulle beurt kan die konseptualiseringsprosesse wat in die tydperk tussen 1931 en 1942 plaasgevind het, in twee subtydperke verdeel word. Tussen 1931 en 1936 het

verskeie rolspelers idees geopper oor die vorm van die voorgenome monument, asook die uitbeelding van die Groot Trek-geskiedenis. Gedurende die tweede subtydperk tussen 1936 tot ongeveer 1937/1938 is sketse spesifiek vir die historiese uitbeelding deur Coetzer gemaak.

Rakende die eerste subtydperk maak sekondêre bronne slegs ligweg melding van bepaalde besluite wat in dié eerste subtydperk geneem is, soos dat die SVK reeds in 1933 besluit het dat die beoogde monument nie van nutswaarde moes wees nie, maar wel in die vorm van ’n gedenkteken.[52]

A.E. Duffey is tot op hede die enigste navorser wat gewys het op ’n verskeidenheid van gebeure in dié subtydperk, maar ook vóór 1931. Hy lê klem op die vriendskap tussen Moerdijk en die beeldhouer Anton van Wouw en wys daarop dat toe die SVK op 4 April 1931 in Bloemfontein in die lewe geroep is, Moerdijk en Van Wouw reeds ’n plan vir die toekomstige monument gereed gehad het.[53]

Met verwysing na die tweede subtydperk, 1936 tot 1937/1938, moet na ’n verdere ontwikkeling verwys word, te wete die saamstel van die Vormkomitee op 25 Januarie 1936. Die voorgestelde Vormkomitee moes “ingaan en aanbevelings” maak oor die “koste, keuse van panele, materiaal vir die monument” en “kunstenaars wat die werk sal kan doen.” Die Vormkomitee het bestaan uit T.J. Hugo[54] (sameroeper), S.P. Engelbrecht en J.J. Scheepers (noordelike subkomitee), asook F.S. Malan,[55] J.J. Jordaan en E.C. Pienaar (suidelike subkomitee). [56]

Die probleem is dat sekondêre bronne,[57] met verwysing na die rol van die Vormkomitee en Moerdijk se aanstelling as argitek in April 1936, in gebreke bly om op gebeure of denkprosesse vóór 1936 te konsentreer. Gevolglik word die indruk geskep dat die konseptualisering van die historiese marmerfries eers van toe af sy beslag gekry het.

Vervolgens word gebeure, pogings en denkprosesse van verskeie rolspelers in die eerste subtydperk ondersoek soos dit uit argivale bronne blyk. Die oogmerk hiermee is veeldoelig: eerstens om aan te toon dat die dinamika van die jare tussen

---

52 J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument* ( 2001), p. 8.

53 A.E. Duffey, ’n Egte lugkasteel: Moerdijk, Van Wouw en die Voortrekkermonument, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 20 (2), 2006, pp. 22-26; 28.

54 T.J. Hugo (*1886 - †1963) was ’n hoogleraar in Wysbegeerte aan die Universiteit van Pretoria. Kyk D.W. Krüger (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III* (1977), pp. 434, 435.

55 F.S. Malan (*1871 - †1941) was ’n redakteur, politikus en kabinetsminister. Hy was ’n sterk voorstander van die Kaapse liberale rigting en het van meet af aan ’n politieke kleurskeidslyn teengestaan. Kyk W.J. de Kock, *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I* (1976), pp. 517-521.

56 NHKA: P 1: 1/2/3/8/10/ b. VTM II 1935-1936 S.P. Engelbrecht-museum en versameling; Notule SVK 1936-01-25, p. 2.

57 A.E. Duffey, ’n Egte lugkasteel: Moerdijk, Van Wouw en die Voortrekkermonument (2006), p. 30; J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument* (2001), p. 8.

1933 tot 1936 die ingewikkeldheid van die totstandkomingsproses van die voorgenome uitbeelding sal aantoon; tweedens om die simbiose tussen die ontwikkeling van die voorgenome monument en die uitbeelding te bewys en derdens om aan te toon dat die Coetzer-sketse die *uiteinde* van die konseptualiseringsproses in die beplanningsfase (1932-1942) was en nie die *begin* soos dit in sekondêre bronne voorgehou word nie. Die bydrae van Moerdijk, die SVK en een kunstenaar word vervolgens deur die gebruik van argivale bronne bespreek en bogenoemde argumente gestaaf.

**Gerard Moerdijk**

Op 14 April 1932 het die SVK Moerdijk tydens een van sy vroegste vergaderings uitgenooi om "die vergadering in verband met sy monumentskets in te lig." Hy het aan die vergadering verduidelik dat toe hy die skets geteken het, het hy onwillekeurig van die gedagte uitgegaan dat die monument by Bloedrivier geplaas moes word.[58]

Verder het Moerdijk aangetoon dat dit "massief en eenvoudig soos die Voortrekkers self was," sou wees. Dit sou bestanddele van die piramiedes [Egipte] en die Zimbabwe-ruïnes [destyds Suid-Rhodesië, sedert 1980 Zimbabwe] bevat en oor twee ruim sale beskik, waarvan een as 'n museum kon dien en die ander die beendere van die Voortrekkers sou huisves. Hy het ook aangedui dat "die gang deur die middel" as 'n simboliese voorstelling van die "wit beskawing" sal dien en dat 'n "pot met pik en olie (tydens feesdae) aan die brand (sou) wees." Voorts het hy rondom die struktuur 'n amfiteater voorsien met 'n rostrum waarvandaan "sprekers die gehoor kan toespreek." Van groot belang is dat hy in een van die sale die volgende voorsien het: *Die basreliefs* [sic] *sal menshoogte geplaas word, en sal taferele uit die Voortrek weergee*.[59]

Hier is nie sprake van 'n "majestueuse monument" bo-op 'n koppie nie en ook nie van "twee massiewe naalde" nie. Moerdijk het aangedui dat die monument die vorm en grootte van die Bloedrivierlaer moes hê. Die vraag is of dÍt as die eerste werklike skets van die voorgenome monument beskou moet word. Terselfdertyd weerspreek dit Duffey[60] se aanname dat Moerdijk en Van Wouw in 1931 'n skets gereed gehad het. Terwyl dit buite die bestek van dié artikel val om dié saak te beredeneer, is die belangrikste aspek dat "basreliëfs" by albei voorstellings van die voorgenome monument in die vooruitsig gestel is.

---

[58] NASA: A 141: SVK Notule 1932-04-14, p. 2.

[59] NASA: A 141: SVK Notule 1932-04-14, p. 2.

[60] A.E. Duffey, 'n Egte lugkasteel: Moerdijk, Van Wouw en die Voortrekkermonument (2006), pp. 22-26; 28.

## Sentrale Volksmonumentekomitee

Die SVK het daarenteen 'n heeltemal ander idee gehad. Hy was van voorneme om 'n monument in die vorm van 'n kunswerk op te rig waaraan of waarteen twaalf bronspanele aangebring sou word. Jansen stel dit soos volg:

> *Dat die Monument in die vorm van 'n kunswerk moet wees en dat 12 brons panele daaraan sal kom wat voorvalle in [sic] die Voortrek moet uitbeeld. Die keuse van die panele moet gedoen word uit die lys van 25 [sic] wat reeds goedgekeur is deur die S.V.K.*[61]

Jansen verwys uit die aard van die saak hier na die 24 temas wat die Paneelkomitee aan die SVK voorgelê het en maak waarskynlik 'n skryf- of geheuefout met sy verwysing na "die lys van 25" temas wat tevore voorgelê is.

Dié verrassende inligting dat die SVK voorkeur aan die idee van bronspanele gegee het, is tot op hede nie in sekondêre bronne vermeld nie. Dit val buite die oogmerke van dié artikel om die idee van bronspanele en die getal daarvan te bespreek. Dit is van belang om kennis te neem van die feit dat die SVK aanvanklik van die gedagte uitgegaan het om 'n kunswerk in die vorm van 'n monumentale struktuur, met bronspanele aan die buitekant of daaromheen, op te rig. Dit beteken verder dat die SVK die saamgroei van die idees oor die vorm van die monument en dié van die uitbeelding van die Groot Trek-geskiedenis as 'n eenheid beskou het.

## Coert Steynberg

Vervolgens word op een kunstenaar gekonsentreer wat ook 'n bydrae probeer maak het en uit wie se voorstel ook die saamgroei van die idees oor die voorgenome monument en uitbeelding waargeneem kan word. Tot op hede is die feit dat Coert Steynberg ook 'n ontwerp vir die Voortrekkermonument **(Figuur 3)** aan die SVK gestuur het en "panele" aan die buitekant van sy voorgestelde struktuur voorsien het, nog in 'n groot mate deur navorsers geïgnoreer. Sy ontwerp word ook nie deur skrywers van sekondêre bronne as deel van die konseptualiseringsproses van die uitbeelding aangetoon nie. I. Vermeulen maak wel van sy ontwerp melding en dui aan dat hy 'n Voortrekkerfiguur uit grys graniet voorgestel het. Dié figuur moes volgens Vermeulen 45 voet [ongeveer 14 meter] hoog wees, geplaas op 'n voetstuk 30 voet [ongeveer 9 meter] hoog. Rondom die voetstuk is vier panele voorgestel wat simbolies van aard sou

---

[61] INEG: PV 94 Lêer 1/75/1/8: E.G. Jansen-versameling, handgeskrewe ongedateerde brief, pp.1-2.

wees en mylpale uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis voorstel, te wete "oorsprong", "onderhandeling", verraad" en "oorwinning"[62] **(Figuur 4).**

Uit argivale bronne-materiaal blyk die volgende inligting. In Januarie 1935 het Steynberg 'n skrywe aan die SVK gerig en aangedui dat hy in die ontwerp van die Voortrekkermonument belang stel. Scheepers het Steynberg soos volg geantwoord:

> *Dit staan U [sic] intussen natuurlik vry om ontwerpe in te stuur, en ek kan U [sic] terloops meld dat twee kunstenaars dit reeds gedoen het. Dit gebeur natuurlik op eie inisiatief.*[63]


Vroeg in 1936 het Steynberg weer 'n brief aan Scheepers gerig waarin dit blyk dat hy [Steynberg] met Gustav Preller in verbinding was. Die skrywe is insiggewend omdat dit lig werp op 'n voorlopige besluit van die SVK om 12 panele vir die uitbeelding te kies / of te laat maak. Steynberg het voorts die SVK versoek om die gekose 12 temas aan te dui waarvan "panele" gemaak moes word. Insiggewend is ook sy aanbod om "sketse" daarvoor in te stuur.[64]

In April 1936 het die suidelike tak van die Vormkomitee, in die persone van F.S. Malan, E.C. Pienaar en J.J. Jordaan in sy verslag aanbeveel dat die grondplan van Bouman aanvaar word, maar dat die voorgestelde suil in die Bouman-ontwerp vervang word deur die simboliese Voortrekkerfiguur, soos dit deur Steynberg ontwerp is. Die verslag vervolg:

> *Aanbevelings: Die Subkomitee beveel aan:*
> *a. Dat die ontwerp van prof. Bouman as grondplan aanvaar word.*
> *b. Dat die suil in die bogenoemde ontwerp vervang word deur die simboliese Voortrekker-figuur van mnr. Steynberg.*[65]

---


[62] I. Vermeulen, *Man en monument, die lewe en werk van Gerard Moerdijk* (1999), p.128.
[63] Erfenissentrum: SVK-versameling ongenommer: J.J. Scheepers - C.L. Steynberg, 1935-01-31, p.1.
[64] Erfenissentrum: SVK-versameling ongenommer: C.L. Steynberg – J.J. Scheepers, 1936 -01- 07, p.1.
[65] NHKA: P1 Lêer 1/2/3/8/10 b. VTM II 1935-1936: S.P. Engelbrecht-museum en argief, Verslag van die S.V.K-(Suide), 1936-04-06, p. 1.



**Figuur 3: Coert Steynberg se voorgestelde ontwerp vir die voorgenome Voortrekkermonument**

(Bron: Erfenissentrum, Sentrale Volksmonumentekomitee-versameling)

Tot op hede is dit onseker of Steynberg wel definitiewe sketse vir die "panele" gemaak het. Wat wel van belang is, is dat Moerdijk in 1941 aan die dagbestuur van die SVK gerapporteer het dat die "kunsskilder" Steynberg in 'n brief die redes uiteengesit het waarom hy nie aan die maak van die "panele" wou meehelp nie.[66]



**Figuur 4: Coert Steynberg se voorgestelde ontwerp vir die voorgenome Voortrekkermonument**

(Bron: Erfenissentrum, Sentrale Volksmonumentekomitee-versameling)

66 NASA: A 141: SVK Notule 1941-11-28, p. 1.

Oor gebeure in die tweede subtydperk blyk dit dat die bepaling van die finale vorm van die monument in 1936 daartoe bygedra het dat die SVK meer doelgerig op die skep van die historiese uitbeelding kon konsentreer. Daar is nie meer rondgetas op soek na 'n kunstenaar wat voorstelle en/of sketse kon indien nie, ook nie meer "panele" wat aan die buitekant of rondom 'n struktuur moes kom nie, maar 'n chronologiese geheelbeeld in marmer in bas-reliëf. Uiteindelik is die SVK se idees en dié van Moerdijk saamgevoeg en kon hulle oor die proses vorentoe ooreenkom.

Derhalwe word die aanname weerlê dat die konseptualisering van die historiese marmerfries eers in 1936 'n aanvang geneem het, soos dit in sekondêre bronne vermeld word. Bewys is ook gelewer dat die proses baie ingewikkelder was. Die bydraes van die verskeie rolspelers tot en met 1936 het as boustene vir die verheldering van die SVK se idees en opdrag gedien om 'n waardige monument vir die Voortrekkers te skep.

**Vervaardiging van klei- en/of gipsmodelle deur kunstenaars**

Dit word algemeen in sekondêre bronne vermeld dat die vier aangestelde kunstenaars in 1942 begin het om die eerste klei- en/of gipsmodelle te maak. Moerdijk stel dit in die *Amptelike program en gedenkboek* soos volg: *Die sketse* [Coetzer] *het as leidraad gedien om die eerste sketsmodelle te maak. Beeldhouers is vervolgens gekies en die keuse het op dr. Kirchhoff, mej. Laurika Postma, mnr. F. Kruger en mnr. Hennie Potgieter geval*.[67]

Ferreira, Grobler, Pillman en Vermeulen sluit by dié inligting aan dat die maak van die klei- en/of gipsmodelle gevolg het nadat Coetzer se sketse finaal deur die Historiese Komitee goedgekeur is.[68] Daarenteen kan aangetoon word dat gips- en/of kleimodelle deur ánder kunstenaars gemaak is nog voordat die kunstenaars Postma, Potgieter, Kirchhoff en Kruger in 1942 aangestel is.

Dié verwikkeling, soos dit in argivale bronne weerspieël word, is ook tot op hede in alle sekondêre bronne verswyg. Voorts is dit ingewikkeld, omdat twee afsonderlike ontwikkelinge geïdentifiseer kan word. In die eerste plek is *'n gipsmodel sonder sketse as riglyn en op eie inisiatief vervaardig* en tweedens is 'n *gipsmodel mét die Coetzer-sketse as leidraad en op uitnodiging van die SVK* gemaak.

---

[67] G. Moerdyk, Die Voortrekkermonument. Betekenis en simboliek, *in* Voortrekkermonument-inwydingskomitee, *Amptelike program en gedenkboek* (1949), p. 49.

[68] O.J.O. Ferreira, *Die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee* (1970), pp. 142, 143; J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument* (2001), p. 56; N. Pillman, *Laurika Postma.'n Biografie* (Pretoria, 1984), pp. 44 - 75; I. Vermeulen, *Man en Monument* (1999), pp. 21-35, 133-135.

## Maak van 'n gipsmodel op eie inisiatief en sonder sketse as leidraad

Oor die maak van 'n gipsmodel op eie inisiatief en sonder 'n skets of sketse as riglyn, moet eers weer na Moerdijk en Van Wouw se plan vir 'n majestueuse monument bo-op 'n koppie verwys word. Soos aangetoon, is Duffey waarskynlik die enigste navorser wat op die ontwkkeling gewys het. Duffey gebruik hiervoor berigte wat in 1933 in *Die Vaderland* en *Die Huisgenoot* verskyn het. Dit is veral in *Die Vaderland*-berig, woordeliks deur Duffey aangehaal, dat die begrippe "paneel" en "mure in basreliëf" opval. Volgens dié berig het Van Wouw en Moerdijk 'n monument voorgestel wat uit twee massiewe naalde bestaan, verbind met 'n middelstuk. Die groot vlakke van die naalde moes onversierd bly, behalwe vir 'n "paneel" op elkeen, onderskeidelik van Piet Retief en Andries Pretorius, albei Voortrekkerleiers. Verder moes elke suil 'n kamer met 'n sarkofaag van Voortrekker-beendere bevat en "om die mure in basreliëf voorvalle uit die geskiedenis."[69]

In 1933 het Van Wouw op eie inisiatief en gegrond op kunstenaarsverbeelding, 'n gipspaneel in hoogreliëf voltooi wat Piet Retief se vertrek na Natal uitbeeld.[70] Die gipspaneel toon Retief te perd met sy hoed in sy regterhand omhoog gehou, terwyl hy van 'n man en vrou afskeid neem. In die agtergrond is 'n Voortrekkerwa en 'n groep wuiwende mense[71] **(Figuur 5).**

Duffey is feitlik die enigste skrywer wat tot nog toe aandag aan die Van Wouw-gipsmodel gegee het, maar hy laat na om dit binne die konteks van die vroeë konseptualiseringsprosesse van die voorgenome uitbeelding te bring.

Uit die inligting wat uit argivale bronne onttrek is, kan afgelei word dat die SVK deeglik kennis geneem het van dié gipsmodel wat op eie inisiatief gemaak is. Van Wouw was besonder gretig om by die voorgenome uitbeelding van die Groot Trek-geskiedenis betrokke te raak. Die rede vir dié aanname word gevind in 'n brief aan die SVK dat hy op "eie inisiatief aan 'n "basrelief [sic]" begin werk het en die SVK uitgenooi het om die werk te kom besigtig.[72]

Dié gipsmodel word derhalwe as die eerste konkrete poging beskou om tot die vergestalting van die voorgenome uitbeelding te kom. Die invloed op Moerdijk, maar ook op die SVK, wat van dié poging uitgegaan het, kan nie buite rekening gelaat word nie.

---

69 A.E. Duffey, 'n Egte lugkasteel (2006), pp. 22-26; 28.
70 A.E. Duffey, 'n Egte lugkasteel (2006), pp. 27, 28, 29.
71 A.E. Duffey, 'n Egte kugkasteel (2006, pp. 28, 29; A.E. Duffey, *Anton van Wouw. The smaller works* (Pretoria, 2008), p. 199.
72 NHKA: P1 Lêer 1/2/3/8/10 a. VTM I 1931-1934: S.P. Engelbrecht-museum en versameling, SVK Notule 1933-08-05, p. 1.



**Figuur 5: Anton van Wouw se gipspaneel van die Voortrekkerleier Piet Retief**
(Bron: Erfenissentrum, Sentrale Volksmonumentekomitee-versameling)

**Maak van [’n] klei- en/of gipsmodel[le] met die Coetzer-sketse as leidraad, 1938**

Terwyl Van Wouw se poging op eie inisiatief geskied het, het die SVK op aandrang van Moerdijk in Februarie 1938 besluit om kunstenaars uit te nooi om gipsmodelle vir beoordeling voor te lê – met die Coetzer-sketse as leidraad. Die SVK het reeds oor die name van moontlike kunstenaars beskik en tydens dié vergadering is besluit[73] om Ivan Mitford- Barberton,[74] L. Teitge,[75] C. Steynberg, [hier kom hy weer ter sprake], Willem Hendriks [sic] (van die Vrystaat)[76] en ’n sekere Bronkhorst,[77] te nader om gips- of kleimodelle voor te berei. Volgens die SVK kon ook ander persone of kunstenaars, indien hulle sou wou, ’n geleentheid gegee word.[78]

In die skrywe van die SVK aan dié kunstenaars word vermeld dat “ruwe sketse” van die temas by Moerdijk verkrygbaar is; dat die gebeurtenisse wat uitgebeeld moet

73 NASA: A 141: SVK Notule 1938-02-12, p. 8.
74 Ivan Mitford-Barberton (*1896 – †1976) was ’n beeldhouer en ’n lektor aan die Michaelis-kunsskool van die Universiteit van Kaapstad. Kyk G. Ogilvie, *The dictionary of South African painters and sculptors* (1988), pp. 450, 451.
75 In die stadium is min oor hom bekend.
76 Die moontlikheid bestaan dat dit Willem de Sanderez Hendrikz (*1910 - †1959) kan wees. Hy is in Brandfort, Oranje-Vrystaat gebore en was ’n dosent aan die Universiteitvan die Witwatersrand,1937-1945,waar hy ook studeer het. Kyk Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van kennis en kultuur, *Ons kuns 2* (Pretoria, s.a.), pp. 25-30.
77 Al die persone se voorletters word nie in die notule aangedui nie.
78 NASA: A 141: SVK Notule 1938-02-12, p. 8.

word, "een derde van die ware grootte" moet wees; dat hulle "enige insident" mag kies, maar dat dit hulle vrystaan "om meer as een te maak" en dat "die tyd wanneer die modelle ingehandig moet word" later aan hulle "meegedeel" sou word.[79] Vervolgens is ook gemeld dat hulle dit in gips of klei kon maak. Die kwessie rakende vergoeding sou later hanteer word. [80]

By die bestudering van een van die kunstenaars wat 'n uitnodiging ontvang het, te wete L. Teitge, kan die verloop van die versoek aan die kunstenaars herskep word, naamlik aan die hand van 'n brief wat Teitge in 1943 aan die SVK gestuur het. Hierin verwys hy in die eerste plek na die korrespondensie van die SVK wat in Februarie 1938 aan hom as kunstenaar gestuur is. Hy haal dit woordeliks aan;[81] waarskynlik omdat hy die lede van die SVK wou herinner aan sy korrespondensie met hom vyf jaar tevore.

Hy gaan voort deur daarop te wys dat hy onder die indruk verkeer het dat "die werk 'n competisie [sic] sal wees waar in [sic] beeldhouers sal deelneem." Hy meld dat hy "twee insidente" gekies het, naamlik, soos hy daarna verwys, "Dirkie Uys se heldedaad", asook "Moord op Retief en sy manskappe insluitende die engelsman [sic] Halstead."[82]

Teitge se brief gee nie 'n aanduiding daarvan of hy gips- of kleimodelle voorberei het nie, maar hy dui wel aan dat sy werk deur E.G. Jansen, Mabel Jansen, Scheepers en sy vrou, asook I. Lombaard besigtig is. Teitge het voorts gemeld dat hy onder die indruk gebring is dat die "komitee" in sy werk belangstel. Sy ontsteltenis dat hy daarna nooit weer van die SVK gehoor het nie, blyk daaruit dat hy in sy brief genoem het dat hy "verbaas" was toe hy in die *Die Brandwag* gelees het dat "Mev. [sic] Postma en drie ander kunstenaars aangestel is om die werk uit- te-voor [sic]."[83] Uit sy brief kan afgelei word dat hy steeds die hoop gekoester het dat hy hulle van diens sou kon wees. Die rede vir dié aanname lê in die feit dat hy sy brief soos volg afsluit: *Ek sal so bly wees as U* [sic] *my die nodige inligting kan verskaf, in verband met die beeldhouwerk want ek taas* [sic] *nog in die donker*.[84]

Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat Teitge na die SVK-lede se besoek nooit weer van die SVK gehoor het nie en dat die SVK aan hom 'n antwoord verskuldig was. Dit is nogmaals begryplik dat opeenvolgende sekondêre bronne, in navolging van Moerdijk, nié die gebeure vermeld nie. Waarskynlik het Moerdijk dit van minder belang of oorbodig geag of selfs daarvan vergeet; dit sou immers ook

---

79 INEG: PV 94 Lêer 1/57/1/15: E.G. Jansen-versameling, L. Teitge – E.G. Jansen, 1943-01-10, pp. 1, 2.
80 NASA: A 141: SVK Notule 1938-02-12, p. 8.
81 INEG: PV 94 Lêer 1/57/1/15: E.G. Jansen versameling, L. Teitge – E. G. Jansen, 1943-01-10, p. 2.
82 INEG: PV 94 Lêer 1/57/1/15: E.G. Jansen-versameling, L. Teitge – E.G. Jansen, 1943-01-10, p. 2.
83 INEG: PV 94 Lêer 1/57/1/15: E.G. Jansen-versameling, L. Teitge – E.G. Jansen, 1943-01-10, pp. 2, 3.
84 INEG: PV 94 Lêer 1/57/1/15: E.G. Jansen-versameling, L. Teitge – E.G. Jansen, 1943-01-10, p. 3.

die logiese chronologie van die verloop van die oorsig omvergewerp het en baie verduideliking in die *Amptelike program en gids* geverg het.

Andersyds kan aangevoer word dat Ferreira as wetenskaplike navorser, by die gebruikmaking van die SVK-dokumente, waarskynlik in die posisie was om dié ontwikkeling in die argivale dokumente op te merk, maar ook nie daaroor gerapporteer het nie.

Andersyds kan Teitge se rapportering oor die SVK-afvaardiging wat sy werk kom besigtig het, as waarheidsgetrou beoordeel word; in die lig daarvan dat dit vyf jaar later (1943) nog steeds ’n saak van erns vir hom was. Al was sy poging op kunsvlak waarskynlik nie as geskik geag nie, moet dit as deel van die aaneenlopende grootse poging beskou word om tot die skep van die historiese marmerfries te kom.

Uit dié sywaartse ontwikkeling kan twee aannames weerlê word. Volgens sekondêre bronne is die Coetzer-sketse eers in 1942 as leidraad benut.[85] Dié aanname kan vervolgens weerlê word, omdat die Coetzer-sketse feitlik direk nadat dit in 1938 voltooi is, aan ánder kunstenaars gestuur is om as leidraad gebruik te word. Die vier aangestelde kunstenaars (Postma, Potgieter, Kirchhoff en Kruger) was gevolglik nie die eerstes om die sketse te sien of te benut nie.

Voorts gaan sekondêre bronne van die standpunt uit dat die eerste gipsmodelle in 1942 deur die vier aangestelde kunstenaars gemaak is. Dié aanname word ook weerlê, omdat persone soos Teitge en die ander kunstenaars reeds in die laat dertigerjare van die vorige eeu op uitnodiging gipsmodelle gemaak het, met die hoop om by die totstandkoming van die historiese marmerfries betrokke te raak.

## Vergelykende bronne-analise – gevolgtrekking

Die oorsprong van sommige aannames, asook feite-foute wat deur opeenvolgende navorsers en skrywers gemaak word, kan in ’n groot mate na die *Amptelike program en gedenkboek* teruggevoer word. As sleutelbron en as vertrekpunt is die inligting daarin by herhaling deur navorsers en skrywers benut. As primêre ooggetuie van die proses van die ontwerp, bou en konstruksie van die Voortrekkermonument, asook die konseptualisering en maak van die historiese marmerfries, is Moerdijk se rapportering deur skrywers en navorsers bo verdenking geplaas. Dit beteken nie dat Moerdijk se stilswye oor spesifieke ontwikkelinge hom tot ’n onbetroubare getuie verminder nie. Sy oorsig oor die totstandkoming van die historiese marmerfries moet binne die konteks van die doel van die *Amptelike program en gedenkboek* beoordeel word.

[85] O.J.O. Ferreira, *Die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee* (1970), p. 140; J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument* (2001), p. 56.

Die inherente waarde van dié publikasie ten spyt, is dit daarvoor verantwoordelik om die evolusie van die historiese marmerfries in 'n groot mate as 'n probleemlose proses voor te hou. Die oënskynlik gladde en selfs ongenuanseerde verloop is gevolglik as 'n mite na bykans alle opeenvolgende sekondêre bronne oorgedra. Hiermee word die oorkoepelende indruk en aanname weerlê, dat die evolusie van die historiese marmerfries 'n vaartbelynde proses was.

## Geselekteerde aspekte – gevolgtrekking

Inligting oor die drie gekose aspekte soos dit uit die argivale bronne verkry is, toon aan dat die pogings om gedurende die dertigerjare van die vorige eeu tot die skepping van die historiese marmerfries te kom, 'n noodsaaklike worstelproses was. Die aanvanklike idees, konsep-gedagtes en verskeie pogings het as boustene vir die finale kristalliseringsproses gedien. Daarbenewens word ook erkenning verleen aan diegene wat tot op hede toe onbekend is, wat 'n bydrae gelewer het – ten spyte daarvan dat sommige van dié pogings vrugteloos was.

## Slot

Ten dele is bewys daarvan gelewer dat 'n studie van die volle omvang van die evolusie van die historiese marmerfries en 'n waarheidsgetroue beeld daarvan tot dusver nie aangepak is nie.[86] Die gevolgtrekking is dat die beskikbare bronne-materiaal, maar ook die visuele uitbeelding van die Groot Trek-geskiedenis in die vorm van die historiese marmerfries, 'n unieke navorsingslaboratorium aan die navorser bied. Binne internasionale verband kan die Voortrekkermonument en die historiese marmerfries gekontekstualiseer word oor die beïnvloeding daarvan en die ooreenkomste wat dit toon met die fisiese voorkoms, prosedures, metodes en tegnieke uit die invloedsfeer van die antieke Egiptiese, Griekse en Romeinse tyd, die Renaissance-tydperk, asook die moderne era. Ten slotte kan geredeneer word dat 'n omvattende studie oor die historiese marmerfries daartoe kan lei dat die Groot Trek, die Voortrekkers en die Voortrekkermonument opnuut as relevante navorsingsterreine geïdentifiseer word.

[86] Astrid Schwenke is tans in die proses om die evolusie van die historiese marmerfries vir 'n doktorale proefskrif in Kultuurgeskiedenis na te vors.